Kenridge Pre-primary School
Pre-primêre Skool

Van Riebeecklaan /
Van Riebeeck Avenue
Kenridge 7550
Tel: 021 975 1163
Fax: 086 269 9774
E-mail: pre-prim@kenridge.org.za
www.kenridgeprimary.co.za

**INSKRYWINGSPROSES VIR 2025 LEERDERS**
**PRE-GRAAD R (gebore in 2020) / GRAAD R (gebore in 2019)**

Dit is vir ons 'n voorreg om die Inskrywingspakket, vir toelating tot ons skool, aan u beskikbaar te stel.

1. Druk asseblief die volledige inskrywingspakket uit. Die volgende dokumente is deel van die pakket:
    - Toelatingsvorm
    - Debietorder
    - Finansiële onderneming
    - Vertroulike inligtingsvorm
    - Naskoolsentrum aansoekvorm

    Voltooi, teken en heg al die nodige dokumente aan, en stuur dit terug aan die Pre-primêre Skool se inskrywingsbeampte. Toelating sal slegs oorweeg word sodra alle betrokke dokumente voltooi, geteken en ontvang is.

    Die volgende dokumente moet aangeheg word:

- Een paspoort-grootte kleurfoto van die leerder
- **Gesertifiseerde** afskrif van leerder se **volledige** geboortesertifikaat
- **Gesertifiseerde** afskrif van beide ouers / voogde / borge se ID dokumente
- Afskrif van Immuniseringsertifikaat
- Bewys van permanente woonadres: Afskrif van munisipale rekening of **Gesertifiseerde** afskrif van wettige huurooreenkoms. <u>Geen ander bewys van adres sal aanvaar word nie.</u>

2. Kenridge Pre-primêre skool is 'n onafhanklike skool en ouers hoef nie op die WKOD se aanlynstelsel aansoek te doen nie.

3. Die voltooide Inskrywingspakket, moet ons vanaf **Saterdag, 10 Februarie 2024**, maar nie later as **Maandag, 18 April 2024**, bereik nie.
    Indien ons nie in staat sou wees om alle leerders binne die voedergemeenskap te akkommodeer nie, sal die datum van u aansoek in ag geneem word. Moet dus nie wag tot die sluitingsdatum nie. Indien u kind deur ons skool aanvaar word, sal u voor / op **24 April 2024** skriftelik daarvan verwittig word.
    Alle aansoeke wat na 18 April 2024 ontvang word, sal op 'n waglys geplaas word. Slegs beskikbare plekke sal daarna gevul word.

4. As gevolg van die omvang van die skool se voedergemeenskap en uitbreidings binne hierdie area, kan die skool eerste leerders akkommodeer wat permanent binne hierdie voedergemeenskap woonagtig is. Neem asseblief kennis dat ‘n permanente adres binne Laerskool Kenridge se voedergemeenskap steeds ‘n voorvereiste is vir plasing in Graad Een. Aanvaarding in Pre-Graad R en/of Graad R verseker nie noodwendig aanvaarding by die laerskool, indien u adres nie meer binne ons voedergemeenskap is nie.

   Sou u buite die skool se voedergemeenskap woon, sal u aansoek op ‘n waglys geplaas word. Toelating is dan onderhewig aan ‘n plek in die onderskeie klasse. Hierdie gebiede is **Kenridge, Durbell, Durbanville Heuwels, De Bron, Doordekraal, Welgemoed-Noord, Proteavallei, Kanonberg, Welgedacht, Van Riebeeckshof** en **Oude Westhof.**

5. **Finansiële verpligting:**
   **5.1 Intreefooi (nie terugbetaalbaar nie):** ‘n Eenmalige intreefooi van R1 500,00 per kind. Dit sluit in ‘n skool t-hemp, wintertop en skryfbehoeftes. U sal die skool t-hemp en wintertop aan die begin van die jaar ontvang. Die skryfbehoeftes is vir gebruik in die klas. **Neem asseblief kennis dat die intreefooi nie van toepassing is as u kind ‘n huidige Kenridge Pre-primêre leerder is nie.**
   **5.2 Pre-Graad R & Graad R Heffing (Basiese verpligte heffing):** Die Pre-Graad R en Graad R heffing word jaarliks deur die Trustees bepaal. Tans (2024) beloop die heffings vir Pre-Graad R R29 050,00 per leerder per jaar en R32 745,00 vir Graad R per leerder per jaar. Hierdie heffings is oor ‘n tydperk van 10 maande per aftrekorder betaalbaar (1 Februarie – 1 November). Die betaling van die heffing is onderhewig aan die Skoolfooi Insamelingsbeleid. Heffings vir 2025 sal op ‘n begrotingsvergadering, wat later vanjaar sal plaasvind, hersien word.


6. Indien u aansoek goedgekeur word, sal u en u kind uitgenooi word om ‘n Oriëntasiedag by ons skool by te woon. Verdere inligting aangaande Oriëntasiedag en die voorbereiding vir die nuwe jaar, sal deel uitmaak van u aanvaardingsbrief.

7. Let asseblief daarop dat aanvaarding by die Pre-primêre Skool nie outomaties ‘n plek in die Naskoolsentrum sal waarborg nie. Die Naskoolsentrum sal met u in verbinding tree met betrekking tot aanvaarding. Vir enige navrae, kontak hulle asseblief by 021 976 4048 of e-pos: ascadmin@kenridge.org.za

Ons vertrou dat u kind se leerervaring by Kenridge gelukkig en opvoedkundig stimulerend sal wees. Indien u enige verdere sake aangaande u kind met ons wil bespreek, sal ons u met graagte ontvang.

Vir enige navrae, kontak asseblief vir Madelein Gravett by (021) 975 1163 of
e-pos: pre-primenrolments@kenridge.org.za

Die uwe



L. du Plessis (Me.)
Hoof van die Pre-primêre Skool Kenridge